## Raamwerkdokument vir Evangelisasie – Opsomming:

Bylaag J

- **Agtergrond** van die verslag
  - Vorige verslae
  - Raamwerkdokument vir die Missionale Aard en Roeping van die NG Kerk
  - Kerkorde artikel en reglement: kyk nuut daarna
  - Kyk na ‘n kort historiese oorsig van evangelisasie in die NG Kerk… (Gee aandag)

- **Motivering** vir die verslag:
  - Missionale roeping
  - Konteksverandering
  - Gemeentes is op verskillende plekke

- **Benadering** van die verslag:
  - Uitgangspunte + implikasies + praktyke

### Hoofpunte:

1. Wesenlike **deelname aan die liefdesbeweging vd Drie-enige God** (*missio trinitatis Dei*): gestuurdheid van die Vader (Skepper en Onderhouer), die Seun (die Here en Verlosser), en die Heilige Gees (Bewerker en Toeruster)

2. Verstaan van die evangelie: die **evangelie van die koninkry**k van God: die Koning van die koninkryk van God is Jesus Christus die Here voor Wie elke knie sal buig en elke tong bely dat Jesus Christus is die Here (‘n definitiewe Christologiese fokus).

3. Evangelisasie word verstaan as **’n uitnodiging tot missionale dissipelskap** (**missionale dissipelskap**: almal word uitnooi om dissipels te wees en te maak – dissipels wat dissipels maak, wat dissipels maak… (MN): hierdie proses sluit almal in maar het vanuit evangelisasie ook ‘n spesifieke fokus na mense buite die geloofsgemeenskap)

4. Die **hele gemeente** is die **evangelis:** die amp van die gelowige word ernstig opgeneem.

5. Die hele gemeente word **belyn, geïntegreer en gekoördineer** volgens die missionaal-evangeliserende roeping.

6. Evangelisasie word **holisties en geïntegreerd** verstaan in die beliggaming van die goeie nuus in **getroue teenwoordigheid**, **deernisvolle dade van diens** en **vreugdevolle woorde** op gepaste tye. (kyk ook na geloofdeling + toerusting van lidmate in hierdie verband)

7. Evangelisasie: ’n uitnodiging om **deel van Jesus se dissipelkring** (geloofsgemeenskap) te word: *believe, belong, behave* (dit word geïntegreerd + dinamies + interaktief benader)

8. Evangelisasie neem deeglik kennis van **kontekstuele skuiwe**: bv Christendom na post-Christendom + sekularisasie + kerkvervreemding + post-post-apartheid + post-koloniaal, multi-kulturele konteks, multi-godsdienstige konteks (pluralisme), ens.

9. Die **styl van evangelisasie** is die diensstyl van Jesus Christus die Dienskneg (*Diakonos*).

10. **Praktyke** van **evangelisasie:** word bepaal deur die teologie (Bybelse inhoud) en styl, word kontekstueel in die geloof onderskei hoe getrou aangesluit word by God se werk, vind plaas met aanvaarbare etiese praktyke, is geloofwaardig, is gespreksmatig en beliggaam die Goeie Nuus getrou.

11. Evangelisasie is **gerig op almal:** toegewyde Christene, kerkvervreemde mense, en nie-gelowiges/nie-Christene.

12. **Gemeentelike leiers** speel 'n krities belangrike rol om gemeentes te begelei en toe te rus om missionaal-evangeliserende gemeentes te wees!